HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

19 Julie 2024

OMSENDBRIEF 20/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnies

1. **Villa HSB Sportdag:** HSB se sportdag vind môre, 20 Julie, plaas. Kom deel gerus in die heerlike atmosfeer en ondersteun ons laerskoolspanne. Ons verwag ‘n allemintige 1 500 leerders. Ons sê solank vooruit dankie vir mnr. **Darius van Loggerenberg** (organiseerder), me. **Lelise Scheepers** (OOK-voorsitter) en elke ouer en leerder wat reeds ontsettend baie moeite gedoen het met die voorbereidings. Dankie ook vir elke ouer en leerder wat bereid is om môre te help. Die snoepiediensroosters is aangeheg.

2. **Rugby:** Baie geluk aan **Eltino Cloete** en **Jumaro Fortuin** wat opgeneem is in die o.12-Langebergrugbyspan wat Dinsdag 23 Julie aan die Noord-Bolandproewe in Swellendam gaan deelneem. Ons is trots op julle en alle sterkte!

3. **Borg:** Baie dankie aan mnr. **Justin Claassen** van **Claassen Transport** vir die borg van die o.13-rugbyspan se opwarmingshempies. Ons waardeer dit baie en ons gaan dit met trots dra.

4. **Graad 12-uitstappie:** Om verlore onderrigtyd weens die sluit van die skole weens storms hierdie jaar in te haal, asook weens die voorspelde reën vir vandag, moes ons die graad 12-uitstappie wat vandag sou plaasvind uitstel na **Woensdag 9 Oktober**.

5. **Pikkie Sportdag**: Graad 1 tot 3-ouers, let daarop dat Laerskool Ashton se Pikkie Sportdag na **31 Augustus** geskuif is.

6. **Rekeningkunde:** Dertien leerders van graad 10 tot 12 het in Mei aan die Proverto Nasionale Rekeningkunde Olimpiades deelgeneem. **Abri Botes** het deurgedring na die 2de rondte wat op 7 Augustus plaasvind. Baie geluk, Abri, hou die Bonnies-naam hoog. Ons is trots op jou!

7. **Ouerkontak:** Ouers het op die volgende datums geleentheid om met hul kinders se onderwysers te ontmoet. Veral ouers van leerders wat nie goeie punte in kwartaal 2 behaal het nie moet asseblief ‘n punt maak daarvan om by die ouerkontaksessies uit te kom.

    - Gr. 4 tot 7: Woensdag 24 Julie 17:00 tot 19:00
    - Gr. 8 tot 12: Maandag 22 Julie 16:00 tot 18:00.

8. **Graad 12-onderrigtyd:** Weens die vier skooldae wat die graad 12’s hierdie jaar gemis het omdat skole verplig was om te sluit, het feitlik al die graad 12-onderwysers aangedui dat hulle nie met die sillabus gaan klaarkry voor die rekordeksamen as ons nie ekstra onderrigtyd inruim nie. Gevolglik het ons die volgende intervensieplan opgestel om onderrigtyd in te haal voor die rekordeksamen. Die matrieks gaan bykomende klasse in die meeste van hul vakke ontvang. Let wel dat hierdie nie opsionele ekstra klasse is wat leerders kan kies om by te woon vir ekstra hulp nie. Dit is verpligte onderrigtyd waarin noodsaaklike werk behandel sal word. Vervoer sal direk ná elke middagklas vanaf die skool na Happy Valley en Mountain View beskikbaar wees. Die matrieks sal voor elke

middagklas ‘n toebroodjie en iets om te drink ontvang. Matrieks en matriekouers, ons vra dat julle ons sal ondersteun deur hierdie reëling met ‘n positiewe gesindheid en met volle klasbywoning aan te pak. Dit is vir JOU toekoms en JOU sukses hierdie jaar wat ons onderwysers bereid is om die ekstra myl te stap. Kom ons vat mekaar se hande en stap hierdie myl sáám asseblief.

Fisiese Wetenskappe	• Maandae in saal- en litnumperiodes
RTT	• Maandae in saal- en litnumperiodes • Dinsdagmiddae 14:45 tot 15:45 • Sessies oor naweke soos deur me. Oosthuizen gereël
Geografie	• Me. E. Rossouw sal kommunikeer sodra ekstra tyd nodig is.
Geskiedenis	• Maandae in saal- en litnumperiodes
Afrikaans	• Maandae die laaste twee periodes. Me. Van Tonder sal kommunikeer. • Donderdagmiddae 14:45 tot 15:45. Hele graad 12-groep in skoolsaal.
Engels	• Me. Delport sal kommunikeer sodra ekstra tyd nodig is.
Wiskunde	• Maandagmiddae soos deur mnr. De Beer gereël.
Wiskundige Geletterdheid	• Maandagmiddae soos deur mnr. Van Zyl gereël.
Lewenswetenskappe	• Vrydagmiddae 13:10 tot 14:10.
Besigheidstudies	• Vrydagmiddae 13:10 tot 14:10. Me. B. Rossouw sal kommunikeer.
Lewensoriëntering	• LO Prakties-periodes sal vir LO Teorie gebruik word.
Rekeningkunde	• Me. Samuel sal kommunikeer sodra ekstra tyd nodig is.

9. Sportuitslae vs. HS Montagu 16 Julie:

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
14 A	7	8	V
14 B	8	18	V
16 A	13	18	V
16 B	3	20	V
16 C	12	20	V
16 D	4	20	V
19 A	14	30	V
19 B	9	18	V
19 C	5	12	V

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**WEN/VERLOOR**
15 A	14	12	W
15 B	10	29	V
17 A	13	12	W
19 A	17	24	V

10. Waarde van die maand: Die waarde van Julie is **betroubaarheid**. Betroubaarheid beteken dat mense jou kan vertrou in alle omstandighede; dat jy die regte ding sal doen, selfs wanneer niemand jou dophou nie. Iemand wat betroubaar is, is iemand wat jy kan glo, iemand op wie jy kan staatmaak – onder álle omstandighede. Ons doen ‘n beroep op ons ouers om ook hierdie belangrike waarde met jul kinders te deel en by u huis te onderrig.

11. Aktiwiteite: Die volgende datums is belangrik:

Sa. 20 Jul.	Villa HS Bonnievale Sportdag
Ma. 22 Jul.	Oueraand gr. 8 tot 12 (16:00 tot 18:00)
Wo. 24 Jul.	Hoërskoolsport vs. Swellendam Sekondêr (weg) Oueraand gr. 4 tot 7 (17:00 tot 19:00) HSB Toneelaand (skoolsaal)
Do. 25 Jul.	Laerskoolsport vs. LS Montagu (tuis) VRL Oscars-aand (skoolsaal)
Sa. 27 Jul.	LS Robertson Sportdag
Ma. 29 Jul.	Sing-song-oefeninge vir interskole begin

Wo. 31 Jul.	HSB Toneelgroep tree by ATKV Tienertoneelfees te Fraserburg op
Do. 1 Aug.	Gr. 12 Afrikaans Mondelingmoderering Juf. Sané Nel verjaar
Vr. 2 Aug.	Interskole Groot Brag (skoolsaal)
Sa. 3 Aug.	Interskole vs. LS en HS Curro Hermanus (tuis)
Di. 6 Aug.	Laerskoolsport vs. LS Swellendam (weg)
Wo. 7 Aug.	Hoërskoolsport vs. Ashton Sekondêr (weg)
Do. 8 Aug.	Laerskoolsport vs. Wakkerstroom-Wes (tuis)
Vr. 9 Aug.	Openbare vakansiedag: Vrouedag (skole gesluit)

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"Selfs ná die ergste storms, sál die son weer skyn."

- *Kathyn Shirey (Christelike skrywer)*